Laerskool Bloemfontein

Goeie waardes maak ons 'n Wenskool.

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 1 **2017/01/12**

ONS IS N WAARDE GEDREWE SKOOL

Uit die kantoor

In Eksodus 23:20 staan daar: "Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou op die pad om jou te beskerm…"
As ons hierdie versie lees – besef ons dat ons eintlik vir niks hoef bang te wees nie, want God is by ons elke sekonde van elke dag.

Ons gee graag aan ons ouers en ons leerders die reëls rondom ons leerders se voorkoms deur. Kom ons leer ons kinders om respek vir hulleself en hulle voorkoms te hê.

* Geen tekkies word saam met formele skooluniforms gedra nie.
* Die haarlinte, rekkies en bolletjies vir die dogters se hare moet in skooldrag-kleure wees, nl. Navy of Jade. Die kleure van 'Alice bands' wat gedra word, is Navy of Jade.
* Die haarrekkies, bolletjies en knippies moet eenvoudig wees. Geen blomme, vlinders, ensovoorts, word toegelaat nie.
* Geen naellak, kleurloos of gekleurd, of grimering word toegelaat nie. Naels moet ook 'n netjiese lengte hê – nie oor die vingerpunte nie.
* Geen hangertjies of armbande, behalwe Medic Alert, word toegelaat nie. Een paar goue of silwer oorringe of bolletjies ('studs') word uitsluitlik vir dogters toegelaat. Geen gekleurde steentjies, blommetjies, diertjies, ensovoorts, word toegelaat nie.
* Hare wat oor die dogters se krae hang, moet in poniesterte of vlegsels vasgemaak word. Slegs 1 of 2 poniesterte is toelaatbaar. Geen kleursel of vreemde haarstyle nie.
* Seuns moet kort haarkante en agterkante hê, 'n kort netjiese kuif weg uit die oë uit. Geen permanente golwing ('perm'), kleursel of stileringprodukte of vreemde haarstyle nie.

Ouers help ons om ons kinders netjies te hou en dat ons lewe volgens ons skool se waardes.

Tydens die eerste kwartaal dra ons die sporthemp en -broekie op Maandag, Dinsdag, Donderdag en Vrydag. Woensdag is ons akademiese dag en verwag ons dat ons kinders hulle akademiese drag sal dra. Ons moet trots wees op ons skool en onsself.

Ons verwag dat ons kinders die regte skooldrag sal dra asb.

SEUNS: Grys kortbroek, Grys kortmouhemp (oopslaan kraag), Lang grys kouse met jade streep en swart skoolskoene.

DOGTERS: Jade skoolrok, wit kortmouhemp (oopslaan kraag) Kort, wit kouse en swart skoolskoene Hare: Slegs 1 of 2 poniesterte. Silwer, bruin of swart knippies. Navy of jade rekkies of linte.

Ons skool se waardes is:
Respek, Eerlikheid, Lojaliteit en Uitnemendheid.

Hierdie jaar se tema is Respek! Ons staan op vir ouer mense en ons groet vriendelik. Daar is 'n gesegde wat sê: **Respect** is earned. **Honesty** is appreciated. **Trust** is gained. **Loyalty** is returned. Kom ons Bloemies vat hierdie jaar hande en maak dit 'n GROOT jaar.

Bloemies Bid

Ons wil almal hartlik welkom heet aan die begin van hierdie nuwe skooljaar. Mag ons as 'n Bloemie-gemeenskap God se nabyheid, liefde en trou ervaar!

'n Man het een môre verslaap en op pad werk toe teenoor die Here gekla omdat sy wekker nie afgegaan het nie. Die Here het hom geantwoord: "As jy nie verslaap het nie sou die dronk bestuurder wat op dieselfde pad as jy gery het, in jou vasgery het."

By die kantoor gekom was die hyser buite werking. Weer het die man gekla aangesien hy trappe moes klim en hy reeds laat was vir sy werk. "My liewe kind", het God gesê "as jy vroeër was het jy nou in die hyser vasgesit wat tussen vloer twee en drie vassit."

Na afloop van die dag was die verkeer erg en weer kla die man. "My kind, daar was 'n inbraak by jou huis en as jy nie in die verkeer vasgesit het nie sou jy tydens die inbraak jou lewe verloor het."

Daar mag uitdagings wees in die komende jaar, maar kom ons soek na God se doel daarin eerder as om te kla oor dit wat verkeerd loop.

Ons is hier om vir elkeen te bid en vra elkeen om ook saam met ons vir ons skool en sy mense te bid.

Onthou asb. van die grys gebedsposbussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi. Alle seën en voorspoed vir elkeen verbonde aan Laerskool Bloemfontein tydens 2017.

Kontak asb. een van die volgende ouers:

Ena Nagel	0724407992
Riette v Staden	0748431303
Ettienne v Staden	0742296709

OUERKOMITEE

Doel:

Fondsinsamelings regdeur die jaar ten bate van die skool om verbeterings aan te bring waar ookal dit nodig gevind word.

Vergaderings:

Hou gerus hierdie spasie dop om aan te dui wanneer die eerste Ouerkomitee-vergadering gaan plaasvind. Hiermee nooi ons byvoorbaat alle ouers om betrokke te raak. Elkeen se "input" is vir ons baie belangrik en ons dra elkeen se belange op die hart.

GELUKWENSING!!

Hartlik geluk aan elke personeellid, ouer en leerder wat gedurende Januarie verjaar. Alles wat mooi, goed en geseënd is vir julle nuwe lewensjaar!

OUERKOMITEE vervolg…

WELKOM TERUG

Aan ons Bloemie-gemeenskap!
Kom ons vat sommer van die begin af hande en ondersteun mekaar sodat ons trots kan wees op ons skool en sy leerders.

VOORSPOED vir 2017

Mag alles wat aangepak word met sukses voltooi word. Sterkte met al die nuwe uitdagings, die vreemde en onbekende wat voorlê.

Onthou:

LIEFDE maak ons tyd saam met ons familie en vriende spesiaal.
VREUGDE maak ons harte ligter.
GELOOF maak ons pad duideliker.
HOOP maak ons lewe helderder.
VREDE bring ons nader aan mekaar.

Matrikulante 2016

Hartlik geluk aan elke matrikulant wat geslaag het en meer spesiaal aan elkeen van julle wat tydens julle laerskool loopbaan verbonde aan Laerskool Bloemfontein was. Ons is voorwaar baie trots op julle! Sterkte vir die toekoms, die nuwe fase in jul lewe, die grootmenswêreld en alles wat daarmee saamgaan. Een dag op 'n slag. Lewe elke dag voluit en gebruik die kanse wat na julle kant toe kom.

GEBED VIR DIE JAAR

Dear God,
As the new School Term Begins, Please Watch over our kids, Keep them safe and surround them with people who will encourage them to live for YOU. Thank You for our teachers, bless them and give them strength. **AMEN**

GEDAGTE VIR DIE JAAR

May the new year bring you an abundance of amazing opportunities, beautiful moments and joyful experiences.
May your positive actions and attitude inspire others.
May you be brave enough to take on and overcome rewarding challenges.
May you find yourself in high spirits and excellent health.
May you love with all your heart and find peace in even the most turbulent of times.
May the love you give always find it's way back to you multiplied and may you forever be filled with the hope and strength necessary to make your dreams a reality.

VIR DIE OORTREK VAN MEUBELS SKAKEL
RM UPHOLSTERY: 074 285 2564

Vir loodgieterswerk, bou-, teël- en verfwerk skakel
L.D. van Niekerk by
076 536 1731

RESPEK EERLIKHEID LOJALITEIT UITNEMENDHEID

STUDIE OUERS

Indien u in 2017 wil gebruik maak van die toesigklas, kan u toelatingsvorms by Mev. Wessels of tannie Annatjie kry.

Back to school

Benodig u skryfbehoeftes vir u kantoor, vir u kind se skooltas of sommer net vir by die huis? Ons is al meer as 10 jaar verskaffers van ENIGE soort of maak skryfbehoeftes, papier, toners, cartridges, inke, plakkers, datumstempels en vele meer. Beste pryse!!!! GRATIS aflewering in en om Bloemfontein. Kontak my gerus – Derick 082 856 7402

SELECTIVE HAIR & EXTENSIONS

Special: 30 % afslag op alle kleur tot Vrydag, 27 Januarie. Ons doe nook naels en waxes.

Skakel of whatsapp nou vir jou afspraak!!

***Wendy – 071 467 2722**

FIN CURE

DEBT RELIEF SPECIALISTS
Manage your future
Wayne: 082 365 6638
Office 113 & 115, 1st Floor, Bloem Plaza
CNR Charlotte Maxeke & East Burger Street, Bloemfontein
Tel nr: +27 87 287 9841
E-mail: bloem@fincure.co.za
www.fincure.co.za

Tina Middagstudie

Ek bied middagstudie "sorg" vir u kind. Ek help met huiswerk van na skool tot 17:30. Skakel Tina: 076 724 9960. Vir verwysing skakel: Elmarie 084 202 0251

Middagsorg vir Gr. 1 – 4

Laat my toe om jou kind te versorg en by te staan met sy huiswerk terwyl jy by die werk is.
Ek sal persoonlik die kinders by die skool gaan haal.
Skakel my gerus by 074 544 3206 of kom sien my persoonlik by David Fourie Straat 23, Noordhoek.
Fooie: R400 per kind, dit sluit 'n ligte middagete in.

Grapkas

AVBOB ADVERTENSIE:
Koop jou gat nou en sien hom later!!

Gatiep: "Gammat, wasse honne het djy?"
Gammat: "Haskies"
Gatiep: "Ek vra wasse honne het djy man…"
Gammat: "Haskies"
Gatiep: "Ag is djy dan doof, of wat is djou case?"

Man vat sy siek vrou dokter toe. Na die ondersoek sê die dokter vir die man: "Ons het hier met 'n baie lelike ding te doen." Man: "Ek weet Dok, maar sy is regtig goed vir die kinders."

Mike vra vir Kallie – "Is Portugal ver?" Kallie sê nee, hy glo nie, want daar was Portugese saam met hom in die klas en hulle het almal met fietse huistoe gery!!

SKOOLFONDS

'n Baie groot dankie aan elke ouer wat reeds hulle skoolgeld betaal het.

Skoolgeld vir 2017 beloop R570 per leerder per maand.

VIR DIE MAAK VAN

SLEUTELHOUERS (R40), BEKERS(R40), MOUSEPADS(R40), YSKASMAGNETE(R20) EN STICKERS(R1,50) –
SKAKEL Irma by 071 642 9142
U sal nie spyt wees nie!!!
Irma neem ook pragtige foto's.

BAIE BELANGRIK !!

Gaan eet by **Prellerplein se Spur.** Gooi jou strokie asb. in Laerskool Bloemfontein se "boks" by die ingang. Die skool kry dan 'n persentasie van die maandelikse verkope wat in Laerskool Bloemfontein se "boks" is. Elke maand word 'n strokie uit die "boks" getrek. Die naam kwalifiseer vir 'n "lucky draw" in November. Die gelukkige wenner se skoolgeld kan ten volle betaal word vir 2017.

Spur Steak Ranches
A taste for life

SKAAK

Skaakoefeninge begin 19 Januarie 2017 om 13:45 tot 14:45, Donderdag middae net na skool by die RO-klas.
Ou ligaspelers en voornemende ligaspelers moet kom daagwedstryde speel vir 'n plek in die ligaspan. Beginners van alle ouderdomme is ook welkom. Kontak juf. Marita de Kock vir enige navrae. Daar is geen koste aan verbonde nie!!

KUNS- & KREATIWITEITSKLASSE

Gr. 1, 2 en 3 op Dinsdae
Gr. 4, 5, 6 en 7 op Woensdae
Tyd: 13:45 – 15:00
Kunsgeld: R130 per kwartaal vooruit betaalbaar vir eerste 3 kwartale.

WATERKASKENADES

Datum: 10 Februarie
Spaar nou al jou geld, want hierdie mag jy nie mis nie!!

BELANGRIK!!!

OUERBRAAI

Dinsdag, 17 Januarie
Tyd: 17:00 – 20:00
(Skool verskaf die vure. Bring u eie piekniekmandjie en kom kuier gesellig saam.)
Dit is tydens hierdie aand wanneer onderwysers inligting rakende hierdie jaar deurgee.

Kom word deel van die Bloemie-familie!!

VCSV

Teksvers van die maand
Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
Psalm 37:5

OPSOEK

Enige wol, breinaalde en hekelpenne, oorskiet lappies, leë blikkies, glas botteltjies met dekseltjies. Al hierdie benodigdhede word gebruik sodat ons SO-maatjies lekker handwerk kan doen. Indien daar skenkings is kan dit direk na juf. Tharina geneem word. Baie dankie dat u bereid is om te help!!

Kennisgewings

Donderdag, 12 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 - 7

Vrydag, 13 Januarie
Mnr. Japie verjaar!!
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 - 7

Maandag, 16 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 – 7

Dinsdag, 17 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 – 7
Ouerbraai 17:00 – 20:00 (Skool verskaf die vure. Bring u eie piekniekmandjie en kom kuier gesellig saam.)

Woensdag, 18 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 – 7

Donderdag, 19 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 – 7
Skaak 13:45 – 14:45 (RO-Klas)

LEERDERRAAD SE GEDAGTE
Ons lewe is wat ons gedagtes daarvan maak.
-Marcus Aurelius-

LEWE VOLUIT, MAAK 'N VERSKIL!!